Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 14 Januarie 2021

Gedagte van die week:
Dit is natuurlik baie makliker om kerk toe te gaan as om kerk te wees. (David Wilkerson)

Vertrekpunt:
Matteus 3:1-12

Meditasie uit die teks:
Dit is nogal sleg wanneer 'n mens jou opgewondenheid verloor. Ek onthou hoe opgewonde ek was toe ek my motorbestuurderslisensie gekry het. Ek wou net heeldag motor bestuur, maar nou sal ek maklik sê: "Julle kan maar ry, ek bly liewer tuis". Ek onthou my eerste nuwe motor … ek onthou die reuk van nuut. Ek was só opgewonde en het heeltyd rede gesoek om iewers heen te ry, maar nou noem ek my motor, "die swakste belegging". En onthou jy jou eerste verliefdheid. Jy sou enige taak uitstel net om by jou geliefde te wees, maar om een of ander rede verloor 'n mens mos gou of mettertyd jou opgewondenheid. Jou Liefie word "my ou vrou" en jou Casanova word "die pa van my kinders". Weg is die opgewondenheid, verdamp in 'n doodse sisteem en stelsel. Dit kan ook gebeur met 'n geloofsisteem … vra maar die gewone Jode van Jesus se tyd. Hulle geloof het in 'n doodse sisteem van reëls en regulasies beland. Ons as Christene is nie vry te spreek nie, want na die "amazing" kamp en na die radikale bekering en na die "awesome praise-and-worship" … wat dan? So dikwels verval ons dan in die doodse ritme van elke-oggend-lees-en-bid en Woensdagaandsel en Sondagkerk. Maar dit is ook wonderlik wanneer jy die opgewondenheid terugkry en ontsnap aan die uiterlike sisteem en stelsel. Dit gebeur wanneer jy ontsnap aan die kerk as institusie en deel word van die kerk as 'n beweging. Dan lui die kerkklokke nie in die kerktoring nie, maar sommer in Woolworths en Shoprite en in die Spur en by McDonalds se Drive-thru en orals en altyd. Dan kry Sondagoggend se kerk en Woensdagaand se sel ook nuwe betekenis. Dan bly die opgewondenheid wat Jesus hier by die Jordaanrivier bring deel van die lewe. Ek soek dit self en vir ander … om opnuut en blywend opgewonde te wees oor Jesus, die Here!!!

Youtubeskakel:
Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 17 Januarie 2021, se reisgesprek. Jy sal dit ook via whatsapp ontvang as jy op die whatsappgroep is. https://youtu.be/suU7zz6KYdo

Meditasie uit die lewe:
Ek hoor so hier en daar, en nou en dan, en veral in hierdie tyd dat gelowiges iets sê soos: *As my strepie getrek is, dan is hy getrek en dit is in elke geval lankal besluit wanneer en waar dit getrek sal word.* Mag ek waag om te verskil? Ek glo dit nie, want as dit só sou wees dan is die medici darem besig om God 'n lelike streep te trek met al die behandeling en medikasie. Hulle skuif die strepie net aan en aan en aan! Hierdie belydenis dat my strepie getrek is, is 'n mooi naïewe geloof, maar dit is ook gevaarlik, want sommiges gebruik dit as verskoning om met onverantwoordelike risikos te speel soos bv om vinnig met motors te ry, onnodige hoogtes aan te durf en tans sonder maskers te wees. So trek sommiges hulle eie strepies en skryf dit ewe vroom aan God toe. Ek stel voor dat ons versigtiger praat en nie ons geloof oopstel vir bespotting nie. Ons glo dat lewe en dood twee kante van dieselfde muntstuk is en dat beide ingrypende gawes van God is. Ons glo dat ons ons met grasie moet onderwerp aan lewe en dood. Terwyl ons lewe, lewe ons met verantwoordelikheid en geesdrif, en wanneer ons sterf, sterf ons met rus en vrede. Ons probeer so lank as moontlik lewe en gebruik mediese behandeling, medikasie en in-entings. Ons probeer so goed as moontlik lewe, altyd in verhouding met en gedagtig aan ons Skepper. Ons raai nie oor die tyd nie en ons kibbel en kla ook nie daaroor nie. Ons probeer dit nie uitwerk of verklaar nie. Ons aanvaar dit eenvoudig. Dit is soms uitstelbaar, maar uiteindelik onvermybaar. Geesdriftig verantwoordelik lewe ons todat ….!!!

Bybelleesrooster vir 2021

Baie dinge word in hierdie tyd ontwrig. Sommige lidmate het nog nie 'n kalender gekry nie en wil graag die leesrooster hê. Jy kry dit in verkorte vorm hieronder. Ek sal sorg dat ek 'n paar kalenders by die huis het Jy is welkom om by my een te kom kry. Ek kan aflewer ook as dit moet. Skakel gerus met my.

Agter-Paarl : Bybelleesrooster vir 2021

Ons lees elke week van Maandag tot Saterdag die tekste en die Sondag word dit die vertrekpunt vir ons reisgesprek. Ons fokus in 2021 net op die 4 evangelies en spesifiek op Jesus se woorde.

Sondag	Matteus	Markus	Lukas	Johannes
03.01	2:1-12	-	-	-
10.01	2:13-23	-	-	-
17.01	3:1-12	1:1-8	3:1-9,15-17	1:19-28
24.01	3:13-17	1:9-11	3:21-22	1:31-34
31.01	4:1-11	1:12-13	4:1-13	-
07.02	4:12-25	1:14-20	4:14-15; 5:1-11; 6:17-19	-
14.02	26:1-5	14:1-2	22:1-2	11:45-53
21.02	26:6-13	14:3-9	-	12:1-8
28.02	26:14-25	14:10-21	22:3-23	13:21-27
07.03	26:31-46	14:27-42	22:31-46	13:36-38; 18:1-2
14.03	26:47-75	14:43-72	22:47-71	18:3-27
21.03	27:1-26	15:1-15	23:1-25	18:28-19:16
28.03	27:27-61	15:16-47	23:26-56	19:2-42
01.04	26:26- 30	14:22-26	22:15-20	-
02.04	-	-	-	-
04.04	28:1-20	16:1-8	24:1-12	20:1-8
11.04	5:13-16	9:50	14:34-35	-
18.04	5:17-20	-	-	-
25.04	5:21-26	-	-	-
02.05	5:33-48	-	-	-
09.05	5:27-32; 19:1-12	10:11-12	16:18	-
16.05	5:3-4	-	-	-
23.05	5:9-12			
30.05	6:1-4	-	-	-
06.06	6:5-18		11:2-4	
13.06	6:19-34		11:34-36; 12:22-36	
20.06	7:1-12		6:37-38,41-42; 11:9-13	
27.06	7:13-28		6:43-49; 13:24-27	
04.07	8:23-27	4:35-41	8:22-25	
11.07	9:14-17	2:18-22	5:33-39	
18.07	10:1-15	3:13-19; 6:7-13	6:12-16; 9:1-6	
25.07	10:16-31	13:9-13	12:2-7; 21:12-17	-
01.08	10:32-11:1	9:41	12:8-9,51-53; 14:26-27	-
08.08	11:2-19		7:18-35	-
15.08	11:20-30		10:13-22	-
22.08	12:1-14	2:23-28; 3:1-6	6:1-11	-
29.08	12:22-42	3:20-30; 8:11-12	6:43-45; 11:14-32	-
05.09	13:1-9; 18-23	4:1-9, 13-20	8:4-8,11-15	-
12.09	13:24-30; 36-43	-	-	-

19.09	13:53-58	6:1-6	4:16-30	
26.09	15:1-20	7:1-23	-	-
03.10	16:24-17:21	8:34-9:29	9:23-43	-
10.10	18:1-14	9:33-48	9:46-48; 17:1-2; 15:3-7	-
17.10	18:15-35	-	17:3	-
24.10	19:16-30	10:17-31	18:18-30	-
31.10	20:1-16	-	-	-
07.11	20:20-28	10:35-45	22:24-30	-
14.11	21:28-32	-	-	-
21.11	21:33-46	12:1-12	20:9-19	-
28.11	22:1-14	-	14:15-24	-

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of **nortierjohannes6@gmail.com**